doen nou aansoek vir ‘n mr price money-rekening

- doen aankope by Mr Price, Mr Price Home, Mr Price Sport, Mr Price Cellular, Sheet Street of Miladys aanlyn of in die winkel
- koop lugtyd of data op rekening
- kry ‘n ekstra winkelkaart vir ‘n familielid
- ons dek jou met Mr Price Insurance
- ons verbind jou met Mr Price Mobile

om vir ‘n rekening aansoek te doen, moet jy:

- ouer as 18 jaar wees
- ‘n geldige ID of paspoort hê
- tans indiens geneem wees
- ‘n geldige selfoonnommer hê
- ‘n goeie kredietrekord hê en toestemming gee tot ‘n kredietburo-evaluering
- ‘n pos- of residensiële adres hê

Jy sal moontlik bewys moet lewer van jou laaste 3 maande se bewys van inkomste of die laaste 3 maande se bankstate vir verdere verifikasie.

hoe om aansoek te doen

Voltooi al die besonderhede op die agterkant van hierdie vorm en stuur via:

- WhatsApp 084 484 4845
- e-pos newacc@mrpg.com
- faks (031) 328 4790
- of neem dit na enige Mr Price, Mr Price Home of Mr Price Sport in Suid-Afrika

Onthou om jou ID-nommer op elke bladsy aan te bring

fooie

- aansluitingsfooi: R40.00 eenmalig
- maandelikse diensfooi: tot en met R19.00 p.m.*

*Maandelikse diensfooi kan sonder kennisgewing verhoog word. B&V geld.

moenie vergeet nie

Jy sal jou rekeningstaat maandeliks ontvang wat jou totale maandelikse paaiement sal aandui, die betaaldatum en waar om te betaal. Jy kan jou staat enige tyd van die maand besigtig:

- skakel *120*410#
- besoek mrpricemoney.com

bykomende produkte

Mr Price Insurance

ons dek jou

- Ons het ‘n verskeidenheid versekeringsprodukte wat ons net vir jou ontwikkel het. As ‘n Mr Price Money-rekeninghouer word premies gerieflik by jou rekening gevoeg.

Kry al die inligting en doen vandag nog aansoek vir versekeringsprodukte by mrpricemoney.com of bel 0861 000 518 of e-pos insuranceinfo@mrpg.com

Mr Price Mobile

kom ons verbind jou

- kies uit ons ontsagwekkende SIM-Top Up-pakkette wat wissel van R30 tot R200 per maand
- jou lugtyd word outomaties maandeliks aangevul
- dit word gerieflik by jou Mr Price Money-kaart gevoeg

Vir meer inligting en om na al die aanbiedings te kyk, gaan na mrpricemoney.com of bel 0800 000 430 of stuur e-pos na help@mrpmobile.com

Mr Price Foundation

Hierdie is ‘n organisasie sonder winsoogmerk wat fokus op die toerus van Suid-Afrika se jeug uit lae inkomstegemeenskappe, waar jongmense positiewe sosiale verandering skep deur geïnspireerde, gesonde en bemagtigde burgers te wees.

Vir meer inligting besoek mrpfoundation.org
As jy graag ‘n maandelikse bydrae wil maak, sal dit gerieflik by jou Mr Price Money-kaart gevoeg word.

enige navrae?

- bel 08610 66639
- e-pos service@mrpg.com
- besoek mrpricemoney.com

Rekeninggoedkeuring is onderhewig aan ‘n wenslikheidstoets en ‘n geverifieerde bewys van inkomste. Alle versekeringsprodukte word onderskryf deur Guardrisk Life Limited, ‘n gelisensieerde lewensversekeraar en ‘n goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer(FSP No 76) en Guardrisk Insurance Company Limited, ‘n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en ‘n goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer (FSP No75). Mr Price Group Ltd. is ‘n goedgekeurde Finansiële Dienste- en Kredietverskaffer (FSP31450 en NCRCP46). Bepalings en voorwaardes geld.

MARCH_2024

mr price money

doen nou aansoek vir jou mr price money-rekeningkaart

1 kaart. 6 handelsmerke.
Meer belonings.

Aansoekvorm

Wil jy meer weet?
Besoek **mrpricemoney.com** vandag nog.

SLEGS VIR WINKELGEBRUIK

Mr Price ☐ Mr Price Home ☐ Mr Price Sport ☐

Taknr ☐☐☐ Rekeningtipe 6 / 12 maande

Nou's dit jou beurt!

Vul asseblief jou persoonlike inligting in...

Titel: ☐☐☐☐ Voorletters: ☐☐☐☐ Geslag: M V

Van: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Voornaam: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Noemnaam: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Etniese groep: Swart ☐ Wit ☐ Bruin ☐ Asies ☐ Ander ☐

(Nie verpligtend nie)

Huwelikstatus:

Enkel ☐ Geskei ☐ Getroud ☐ Weduwee/ Wewenaar ☐ Hoeveelheid kinders van jou afhanklik ☐☐

Identifikasie:

RSA ID-boek ☐ Paspoort ☐ RSA Bestuurslisensie ☐ Buitelander/ Ander ☐

ID/ Paspoortnommer ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Geboortedatum Dag ☐☐ Maand ☐☐ Jaar ☐☐☐☐

Tel (H): ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Sel: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Is jou sel: Kontrak ☐ Vooruitbetaal ☐

Alt. sel: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

E-pos: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

My huistaal is: Eng. ☐ Afr. ☐ Zoeloe ☐ Xhosa ☐ Sepedi ☐

Het jy aansoek gedoen vir skuldoorsig of ondergaan jy skuldberading? J N

Het jy 'n Sheet Street- of Miladys-rekening? J N

Posadres

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Kode ☐☐☐☐☐☐☐☐

Residensiële adres (Slegs nodig indien dit van jou posadres verskil)

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Kode ☐☐☐☐☐☐☐☐

Hoe lank bly jy by hierdie adres? ☐

Verblyfstatus:

Huiseienaar ☐ Huurder ☐ Bly by ouerhuis ☐ Bly by werkgewer ☐

Het jy 'n bankrekening? J N Hoe lank het jy hierdie rekening? ☐

Hoe wil jy jou maandelikse state ontvang?

Merk asseblief een opsie: E-pos ☐ SMS ☐

Waar werk jy?

Maatskappynaam ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Wat is jou beroep? ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Werktelefoonnr. ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Uitbr. ☐☐☐☐

Watter departement/afdeling? ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Werknemernr./kloknr./loonnr. ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Werk jy op kontrak? J N Kontrak verval M M J J Hoeveelheid jare by werkgewer? ☐

Beste kontaknommer: Werk ☐ Huis ☐ Sel ☐ Beste kontaktyd: U U M M

Maandelikse inkomste

Maandelikse salaris voor aftrekkings ☐☐☐☐☐☐

Ander maandelikse inkomste: (insluitend sekondêre werk, eggenoot se bydrae, toelae en ander bronne van maandelikse inkomste) ☐☐☐☐☐☐

Maandelikse uitgawes

Aftrekkings: (belasting, pensioen, mediesefonds) ☐☐☐☐☐☐

Huur/paaiement: ☐☐☐☐☐☐

Skuld-verpligtinge: (winkelrekeninge, kredietkaarte, ens.) ☐☐☐☐☐☐

Leef-uitgawes: (elektrisiteit, water, telefone, ens.) ☐☐☐☐☐☐

Kontakbesonderhede – gee dié van 'n familielid of vriend

Man: ☐ Vrou: ☐ Metgesel: ☐ Pa: ☐ Ma: ☐ Ander: ☐

Mnr. ☐ Mev. ☐ Mej. ☐ Me. ☐

Voornaam: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Van: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Tel (H): ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Werk: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Sel: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Wil jy:

- dat ons jou rekening oorweeg vir 'n jaarlikse outomatiese kredietlimietverhoging? J N
- promosiemateriaal van die Mr Price Group ontvang? J N

Verklaring

Deur hierdie vorm te onderteken, bevestig ek dat ek die Mr Price Group se bepalings en voorwaardes ontvang, gelees, verstaan en aanvaar het, en dat waar van toepassing die versekeringsterme en die inligting verskaf waar, volledig en korrek is.

- Mr Price mag van en aan enige kredietburo en die Suid-Afrikaanse Bedrogvoorkomingsdiens of enige ander instansie, enige inligting rakende my kredietprofiel en betaalgeskiedenis verkry en ontbloot.
- Mr Price mag enige verkeerde of vals inligting wat deur my verskaf is aan die Suid-Afrikaanse Bedrogvoorkomingsdiens en die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig.
- As ek binne gemeenskap van goedere getroud is, of in terme van gemene reg, het ek toestemming van my eggenoot om hierdie kontrak te volvoer.

Aansoeker se handtekening

Datum: D D M M J J J J

Handtekening:

Vir kantoorgebruik Gekontroleer deur

Personeelnaam:

Personeelnommer:

BYKOMENDE PRODUKTE

Mr Price Foundation

Dis 'n organisasie sonder winsoogmerk wat fokus op die toerus van Suid-Afrika se jeug uit lae inkomstegemeenskappe, waar jongmense positiewe sosiale verandering skep deur geïnspireerde, gesonde en bemagtigde burgers te wees. Wil jy 'n kampioen van verandering wees deur 'n maandelikse bydra tot hierdie verdienstelike saak te maak?

Geen ☐ R5 ☐ R20 ☐ R50 ☐ Handtekening: _____

Jou maandelikse bydrae sal gerieflik by jou Mr Price Money-rekening gevoeg word.

Mr Price Mobile

Slegs in Suid-Afrika beskikbaar

Wil jy graag meer oor Mr Price Mobile hoor? J N

Mr Price Insurance

Slegs in Suid-Afrika beskikbaar

Kliëntebeskermingsplan (CPP)

Dekking van jou uitstaande Mr Price Money-rekeningsaldo in die geval van dood, aflegging, sekere kritiese siektes en hospitalisasie vir 3 agtereenvolgende nagte.

Persoonlike opsie – *R10,50 per maand* (slegs rekeninghouer) J N

Metgesel-opsie – *R10,50 per maand* (slegs metgesel) J N

Gesamentlike opsie – *R14,90 per maand* (rekeninghouer en metgesel) J N

Handtekening: _____

Verlore Kaartbeskermingsplan (LCP)

R6.50 per month

Dekking teen ongemagtigde gebruik van jou Mr Price Money-winkelkaart sodra jy dit as verlore of gesteel aanmeld. J N

Handtekening: _____

360 Grade Beskermingsplan (360)

R55.00 per month

Ontvang R10 000 dekking in geval van dood, aflegging, sekere kritiese siektes en hospitalisasie vir 3 agtereenvolgende nagte. Dekking beskikbaar vir metgeselle en afhanklike kinders onder die ouderdom van 18 en teen 'n addisionele premie. J N

Handtekening: _____

Familie-Begrafnisplan

Verskaf begrafnisdekking vir jouself, een metgesel en 'n maksimum van 4 afhanklike kinders onder die ouderdom van 18.

	Premie	Maksimum voordeel	
Opsie 1	R47.25 per maand	R7 500	J N
Opsie 2	R58.25 per maand	R10 000	J N
Opsie 3	R75.00 per maand	R15 000	J N
Opsie 4	R85.50 per maand	R20 000	J N

Handtekening: _____

Alle versekeringsprodukte word onderskryf deur Guardrisk Life Limited, 'n gelisensieerde lewensversekeraar en 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer(FSP No 76) en Guardrisk Insurance Company Limited, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer (FSP No75). Mr Price Group Ltd. is 'n goedgekeurde Finansiële Dienste- en Kredietverskaffer (FSP31450 en NCRCP46). Bepalings en voorwaardes geld.

Verklaring

Deur hierdie te onderteken, verklaar ek dat ek die opsionele produkte deurgelees het en dit verstaan, en dat die produkte waarvoor ek "J" gekies het, gerieflik maandeliks op my winkelkaart gevoeg sal word.

Vir kantoorgebruik Gekontroleer deur:

Assosiaat se handtekening:

Datum: D D M M J J J J

Personeelnaam:

Personeelnommer:

MARCH_2024

Bepalings en voorwaardes vir gebruik van die Mr Price Money-rekeningkaart

1. definisies

1.1. “die Wet” verwys na die Nasionale Kredietwet, 34 van 2005, en Regulasies soos gewysig;
1.2. “Ooreenkoms”, “kredietooreenkoms”, “fasiliteit” of “rekening” verwys na die kredietfasiliteit en kredietooreenkoms tussen jou en ons, inaggenome die pre-ooreenkomskontrak en kwotasie sowel as die bepalings en voorwaardes van die kaart en tersaaklike kredietfasiliteit van tyd tot tyd;
1.3. “Aansoek” of “aansoekdoen” beteken wanneer jy by ons aansoek doen vir ‘n kredietfasiliteit;
1.4. “Kaart” verwys na die persoonlike rekeningkaart, genaamd ‘n Mr Price Money-winkelkaart, uitgereik deur ons aan jou vir jou gebruik wanneer jy jou kredietfasiliteit gebruik om ons handelsware aan te koop;
1.5. die “Kredietverskaffer”, “ons”, “ons s’n”, “Mr Price” verwys na die Mr Price Group Limited, of Upper Level, North Concourse, Masabalala Yengwelaan 65 (voorheen NMR-laan), Durban, 4001, wat as die Kredietverskaffer geregistreer is ingevolge die Wet op Nasionale Kredietwet 34 van 2005 (“NCA”), nommer NCRCP46, ‘n gemagtigde Finansiële Diensteverskaffer FSP31450, en sluit in Mr Price, Mr Price Sport, Mr Price Home, Mr Price Mobile, Mr Price Cellular, Sheet Street en Miladys of enige persoon aan wie ons enige van ons regte of verpligtinge ingevolge hierdie Ooreenkoms oordra;
1.6. die “Kredietontvanger”, “jy”, “joune” verwys na die persoon wie se naam op die kredietaansoekvorm, verkoopsooreenkoms en kwotasie verskyn en aan wie Mr Price Group Limited krediet goedkeur op hierdie bepalings en voorwaardes;
1.7. “Skuldinvorderaarswet” verwys na Skuldinvorderaarswet 114 van 1998.

2. die aansoek, kredietfasiliteit en kredietooreenkoms

2.1. Enige aansoek is onderhewig aan ons interne kredietgoedkeuringskriteria, hierdie bepalings en voorwaardes, en die Wet. Onderhewig aan die Wet, het ons die diskresie om jou aansoek te weier as jy nie voldoen aan ons vereistes nie, om enige kredietperk te bepaal en te verminder en ons het die reg om die fasiliteit te eniger tyd te onttrek of toe te maak.
2.2. Jou aansoek sal oorweeg word op grond van die inligting wat jy aan ons verskaf. Jy waarborg dat die inligting waar is, akkuraat en korrek.
2.3. As jou aansoek suksesvol is, sal ons jou voorsien van ‘n pre-ooreenkomskontrak en ‘n kwotasie wat jou kredietperk, kostes en ander besonderhede soos vereis deur die Wet, uiteen sit.
2.4. By die aanvaarding van die kwotasie, vorm hierdie bepalings tesame met die pre-ooreenkomskontrak en kwotasie die ooreenkoms tussen ons.
2.5. Die eerste keer wat jy op krediet koop, gebruik jou kaart en onderteken die faktuur. Hierdie aksie sal jou handtekening en aanvaarding van die bepalings en voorwaardes weerspieël.
2.6. Jy word versoek om inligting te verskaf oor enige veranderinge aan jou finansiële posisie, inkomste en/of jou vermoë om ons te betaal; om ons in staat te stel om die wenslikheid van krediet te bepaal en om verligting toe te pas, soos aangedui deur die NCA.
2.7. Jy mag nie vir nog ‘n 6/12 maande-rekening aansoek doen indien jy reeds ‘n 6/12 maande-rekening by Mr Price Group Limited het nie.

3. jou rekeningkaart

3.1. Jy sal ‘n Mr Price Money-winkelkaart ontvang wat jy met ‘n balpuntpen moet onderteken.
3.2. Jy is die enigste persoon wat jou kaart mag gebruik en jy kan dit nie oordra aan enige ander persoon of enige ander persoon magtig om dit te gebruik nie.
3.3. As jy ekstra (bykomende) kaarte op jou fasiliteit aangevra het, sal jy verantwoordelik wees vir die aankope gemaak met behulp van so ‘n (bykomende) kaart. Enige ekstra (bykomende) kaart wat ons teen hierdie fasiliteit uitgereik het, moet ook onmiddellik onderteken word deur die persoon wat jy nomineer vir daardie ekstra (bykomende) kaart. Slegs jy of jou benoemde addisionele kaarthouer mag die ekstra (bykomende) kaart gebruik.
3.4. Eienaarskap van die kaart/kaarte is in ons gesetel en jy moet die kaart/kaarte aan ons oorhandig indien versoek.
3.5. Jy mag die kaart gebruik om aankope te doen by Mr Price, Mr Price Home, Mr Price Sport, Mr Price Cellular, Sheet Street of Miladys teenoor die kredietfasiliteite op jou kaart. Jy kan nie aankope doen as jy nie jou kaart by jou het nie.
3.6. Jy is verantwoordelik vir die veilige bewaring van die kaart. As jou kaart [of ekstra (bykomende) kaart] gesteel is, moet jy ons onmiddellik in kennis stel deur 0861 066 639 te skakel. Indien jy versuim om ons in kennis te stel dat jou kaart of ekstra (addisionele) kaart verlore of gesteel is, sal jy aanspreeklik wees vir enige aankope op jou rekening, totdat so ‘n kaart/kaarte as verlore of gesteel aangemeld is.
3.7. Die ekstra (bykomende) winkelkaarthouer moet ouer as 18 jaar wees.

4. kredietperk

4.1. Die balans verskuldig deur jou van tyd tot tyd mag nie jou kredietperk oorskry nie. Dis die aanvanklike kredietperk waarna verwys word in jou pre-ooreenkomskwotasie.
4.2. Indien jy wil kwalifiseer vir ‘n outomatiese jaarlikse kredietperk-verhoging, moet jy hierdie opsie op die aansoekvorm kies, of ons later in kennis stel as jy wil hê dat jou kredietperk verhoog word. As jy hierdie outomatiese verhoging kies, sal ons voortgaan om dit te hersien en kan ons jou kredietperk jaarliks verhoog in ooreenstemming met die Wet.
4.3. Indien jy ‘n tydelike kredietperk-verhoging wil bekom, sal jy ons hiervan moet inlig sodat ons dit kan dokumenteer. As ons saamstem, sal ons die kredietlimiet tydelik verhoog vir ‘n beperkte tyd en altyd binne ons diskresie. Na terugbetaling van die verhoogde bedrag, sal jou kredietperk verminder word tot wat dit was voor die verhoging.
4.4. Indien jy op enige stadium jou kredietperk wil verhoog anders as wat hierbo genoem word, moet jy ons versoek om dit te doen. Ons sal dan die nodige wenslikheidstoetse doen waarvoor ons jou bewys van inkomste (drie jongste loonstrokies, bankstate, of ander bewys van jou bruto inkomste) benodig, soos per die Wet.
4.5. Jy kan ons enige tyd opdrag gee om jou kredietperk te verminder of om ‘n kredietperk te beperk. Ons het die reg om die fasiliteit en kredietperk te verminder, verander of te kanselleer.

5. maandelikse state en betalings

5.1. Ons sal jou maandelikse state aan jou stuur per e-pos of SMS soos gekies deur jou. Die staat sal onder meer inligting soos vereis deur regulasie 35 van die NCA bevat:
  5.1.1. die totale bedrag verskuldig soos op die prosesseringsdatum van staat;
  5.1.2. die aankope vir die maand gedoen reg oor die ses groothandel-handelsmerke;
  5.1.3 enige finansiële diens of dienskoste vir die maand;
  5.1.4. die jaarlikse rentekoers van toepassing;
  5.1.5. die rentebedrag wat vir die maand gehef word;
  5.1.6. die minimum bedrag wat jy moet betaal teen die betaaldatum.
5.2. Nie-ontvangs van jou staat vrywaar jou nie van jou verpligting om die betaalbare bedrag te betaal nie, omdat jy ons kan kontak vir inligting oor jou rekening en jou saldo deur ons te skakel by 08610 66639 gedurende normale kantoorure.
5.3. Ons moet ten minste die minimum paaiement verskuldig ontvang soos aangedui op jou staat, of die bedrag van R30 (wat ook al groter is) voor die betaaldatum soos aangedui op die staat.
5.4. Jy mag enige bedrag wat aan ons verskuldig is te eniger tyd vooruitbetaal.
5.5. State word as korrek aanvaar indien dit nie binne 60 dae bevraagteken word nie.

6. rente

6.1. Die rentekoers wat op jou kredietfasiliteit van toepassing is, is die rentekoers soos wat op jou pre-ooreenkomskontrak en kwotasie aangehaal word, synde die maksimum bedrag wat deur die NCA van tyd tot tyd toegelaat word. Hierdie maksimum NCA-tarief is gekoppel aan die SA Reserwebank se terugkoopkoers (“repokoers”) en onderhewig aan ‘n formule waarvoor in die NCA voorsiening gemaak word. Wanneer die repokoers verhoog of verminder of die formule in terme van die NCA verander, sal die rentekoers wat jy betaal dienooreenkomstig verhoog of verlaag. Jy sal skriftelik van veranderinge in kennis gestel word op jou maandelikse staat.
6.2. Rente sal op ‘n daaglikse basis bereken word en maandeliks saamgestel word op die betaaldatum van die paaiement, op die volle uitstaande saldo, tot op datum van betaling. Die rente word dan by jou uitstaande saldo gevoeg.

7. rekeningkoste

7.1. Ons sal ‘n maandelikse diensfooi van jou hef. Die aanvanklike maandelikse diensfooi betaalbaar sal in die pre-ooreenkomskontrak en kwotasie gespesifiseer word en/of andersins skriftelik aan jou gestel word. Die maandelikse diensfooi mag na gelang van ons diskresie van tyd tot tyd verhoog word, maar sal nie die maksimum oorskry soos deur die Nasionale Kredietwet voorgeskryf is nie. Die maandelikse diensfooi sal maandeliks teenoor jou rekening gedebiteer word. Die maandelikse diensfooie mag van tyd tot tyd deur ons in geheel of in deel afgeskryf word, na gelang van ons uitsluitlike diskresie.
7.2. Ons kan ‘n aansluitingsfooi van jou hef om jou rekening oop te maak wat in die pre-ooreenkomskontrak en kwotasie vermeld word. Die aansluitingsfooi, indien van toepassing, kan vooraf deur jou betaal word. As jy nie kies om dit vooraf te betaal nie, sal dit bygevoeg word by jou balans verskuldig.

8. versekering

8.1. Jy kan kies om die Verlore Kaartbeskermingsplan (LCP), Kliëntebeskermingsplan (CPP), 360-Grade-Beskermingsplan (360), Familie-Begrafnisplan, A2B Pendelaarspersoonlike Ongeluksplan (A2B) of Medinet Beskermingsplan aangebied deur ons, te aanvaar of van die hand te wys.
8.2. Jy mag ook jou eie reëlings vir kredietversekering maak.
8.3. As jy kies om die LCP, CPP, 360, Familie-Begrafnisplan, A2B or Medinet Beskermingsplan soos deur ons aangebied aanvaar, word jy daarop gewys dat ons ‘n kommissie ontvang van die versekeraar waarvan sodanige besonderhede in jou beleidsdokument geopenbaar sal word.
8.4. Hierdie produkte word in meer besonderhede gedek in die beleidsdokument wat aan jou gestuur sal word indien jy een van hierdie beskermingsplanne kies, maar ‘n kort samevatting van elk is soos volg:
  8.4.1. **LCP** – Dekking teen kwaadwillige/ongemagtigde gebruik van jou MRP Money-winkelkaart sodra jy dit as verlore of gesteel aanmeld.
  8.4.2. **CPP** – Dekking van jou uitstaande MRP Money-rekeningsaldo in die geval van dood, aflegging, sekere kritiese siektes en hospitalisasie vir 3 agtereenvolgende nagte.
  8.4.3. **360*** – Ontvang R10 000 dekking in geval van dood, aflegging, sekere kritiese siektes en hospitalisasie vir 3 agtereenvolgende nagte.
  8.4.4. **A2B*** – Ontvang R50 000 ongeluksdoodsdekking en R75 000 ongeluksbeseringsdekking (of ‘n % daarvan) as jy hierdie beserings as ‘n bestuurder of passasier in jou eie of enige ander voertuig opdoen.

8.4.5. **Medinet Beskermingsplan*** – ontvang R30 000 vir sekere kritiese siektedekking, R3 000 hospitalisasiedekking, indien gehospitaliseer vir 3 agtereenvolgende nagte en 'n voordeel van R5 000 betaalbaar oor 'n 3 maande tydperk om jou inkomste aan te vul.

*Hierdie is nie 'n mediesefonds nie. Dekking word gegee aan nie-mediese-uitgawes wat voortspruit uit hospitalisasie.

*Dekking is beskikbaar vir metgeselle en afhanklike kinders onder die ouderdom van 18 en teen 'n addisionele koste.

8.4.6. **Familie-Begrafnisplan** – help jou in die dekking van die uitgawes van 'n begrafnis vir jou en jou geliefdes. Ontvang tot R20 000 begrafnisdekking vir jouself en jou gade en tot R7 500 begrafnisdekking vir 'n maksimum van 4 afhanklike kinders onder die ouderdom van 18.

Alle versekeringsprodukte word onderskryf deur Guardrisk Life Limited, 'n gelisensieerde lewensversekeraar en 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer(FSP No 76) en Guardrisk Insurance Company Limited, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverskaffer (FSP No75). Mr Price Group Limited is 'n goedgekeurde Finansiële Dienste- en Kredietverskaffer (FSP31450 en NCRCP46). B & V geld. Meer besonderhede hieroor is op ons webblad beskikbaar by www.mrpricemoney.com of skakel 0861 000 518.

9. skending en beëindiging

9.1. Ons sal jou skriftelik in kennis stel indien jy in wanbetaling is en ons sal voorstel dat jy ons ooreenkoms met 'n skuldberader, alternatiewe geskilresolusieagent, verbruikershof of ombud met jurisdiksie opneem, om die dispuut op te los ingevolge ons ooreenkoms of om die betalings op datum te bring.

9.2. Indien jy vir ten minste 20 werksdae agterstallig is met betaling en ten minste 10 werksdae het verbygegaan sedert ons aan jou 'n kennisgewing gestuur het en jy nie op die kennisgewing gereageer het nie, of gereageer het deur ons voorstelle van die hand te wys, kan ons die ooreenkoms kanselleer of 'n hof nader om die ooreenkoms af te dwing. Die 20 dae en 10 dae-tydperke kan oorvleuel.

10. regs- en ander uitgawes en koste

10.1. Indien jou rekening agterstallig is:

10.1.1 sal standaardinligting aan die kredietburo voorgelê word ingevolge die bepalings van die Wet en dit kan jou toegang tot verdere krediet beïnvloed; en

10.1.2. ons kan jou fasiliteit opskort en jou 10 dae kennis gee voor ons jou rekening toemaak. As ons jou rekening toemaak, word van jou vereis om die rekening ten volle te vereffen; en

10.1.3. ons behou die reg voor om rente te hef, teen dieselfde koers soos aangedui in die pre-ooreenkomskontrak, en standaard administrasiekoste indien jou rekening agterstallig is of indien jy in dispuut is met hierdie ooreenkoms, asook invorderingskoste wat ons mag aangaan in die handhawing van jou monetêre verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms. Hierdie fooie, betalings en koste sal nie die maksimum wat deur die Nasionale Kredietwet toegelaat word, oorskry nie.

10.1.4 kan jou rekening oorhandig word aan 'n skuldinvorderingsagentskap vir die invordering van bedrae verskuldig en jy sal koste gehef word maar wat nie oorskry wat deur die NCA en Skuldinvorderingswet toegelaat word nie; en

10.1.5. indien ons regstappe teen jou moet instel ('n dagvaarding moet uitreik) sal jy aanspreeklik wees vir alle regskostes, insluitend koste, invorderingskoste en opsporingskoste.

10.2. bogenoemde koste sal teenoor jou rekening gedebiteer word, asook sodanige ander koste en fooie soos voorsien in die NCA.

10.3. regsaksie mag ook teen jou geneem word.

11. sertifikaat en skuld

'n Sertifikaat onderteken deur enige van ons bestuurders (wie se aanstelling en gesag nie bewys hoef te word nie) waarin die bedrag van jou skuld aan ons en die rentekoers wat op jou fasiliteit van toepassing is, is voldoende bewys van jou skuld in enige regsaksie en sal as prima facia beskou word totdat jy bewys dat die bedrag of die rentekoers verkeerd is.

12. afstanddoening

As ons vir enige rede of doel nie onmiddellik ons regte ingevolge hierdie ooreenkoms afdwing of implementeer nie, beteken dit nie dat ons sodanige regte laat vaar, opgee of daarvan afsien nie.

13. toestemming tot jurisdiksie

Ingevolge Artikel 45 van die Wet op die Landdroshof, 32 van 1944, ("MCA") gee jy hiermee toestemming dat ons enige regsaksie mag begin wat te doen het met hierdie ooreenkoms of jou rekening, in die Landdroshof, wat enige Landdroshof kan wees, wat ingevolge artikel 28 van die MCA, jurisdiksie het. Ons kan egter kies om aksie teen jou in enige ander hof met jurisdiksie te neem.

14. adresse

Die huisadres wat jy aan ons gegee het toe die aansoekvorm voltooi is, is die adres wat jy kies waar regskennisgewings en enige proses op jou bedien mag word (jou "domicile adres") op die manier wat jy verkies het in jou Aansoek. Jou posadres (of dit residensieel, per pos of elektroniese is) sal gebruik word om verklarings, kennisgewings of ander kommunikasie aan jou te stuur. Jy moet ons inlig as jy na 'n ander adres trek of jou adres verander.

15. verbruikerskredietinligting en kredietburo

15.1. jy stem saam dat ons mag:

15.1.1. navraag doen om enige inligting wat deur jou verskaf word, te bevestig in jou aansoek of te eniger tyd tydens die ooreenkoms;

15.1.2. aan enige kredietburo of derde party (met wie jy te eniger tyd finansiële betrekkinge het) enige inligting kan voorsien wat jy in jou aansoek verskaf het, rakende die opening of sluiting van hierdie ooreenkoms of jou rekening;

15.1.3. bekom, verifieer en ontvang inligting van die persone in 15.1.2 genoem wanneer ons jou aansoek of kredietwaardigheid asseseer, en ook te eniger tyd gedurende die bestaan van jou rekening;

15.1.4. verskaf, openbaar en bevestig die bestaan van hierdie ooreenkoms en enige persoonlike inligting en detail wat daarmee verband hou, aan die persone in 15.1.2 hierbo, die deel van positiewe en negatiewe inligting oor jou of jou kredietrekening, insluitend nie-nakoming van hierdie ooreenkoms.

15.2. jy erken en verstaan dat die kredietburo ons sal voorsien van kredietprofielinligting en 'n kredietelling wat jou kredietwaardigheid weerspieël.

15.3. Ons sal geregtig wees om bogenoemde inligting te bekom en bekend te maak-

15.3.1. as ons dink dat dit nodig is of tot jou voordeel kan wees;

15.3.2. waar ons wetlik verplig is om dit te doen;

15.3.3. waar dit in ons, of die openbare belang is om te openbaar.

15.4. U stem in dat die persoonlike inligting wat deur u verskaf word, deur enige afdeling van die Mr Price Groep, insluitend Mr Price Mobile vir bemarking en verwante doeleindes gebruik kan word. Indien u nie wil hê dat ons u inligting vir hierdie doel moet gebruik nie, moet u ons skriftelik daarvan in kennis stel deur ons te e-pos op service@mrpg.com

15.5. Jy doen afstand van enige regte of eise wat jy teen ons mag hê in verband met die verskaffing van inligting deur of aan ons in terme van hierdie ooreenkoms.

15.6. Jy het die reg om die kredietburo te kontak en jou kredietrekords aan te vra, om die betrokke inligting te bevraagteken en om onakkurate inligting reg te stel. Die kredietburo's wat deur ons gebruik word, is:

15.6.1. XDS: Telefoon: 011 645 9100;

15.6.2 TransUnion Credit: Telefoon: 0861 48 24 82;

15.6.3 Experian Credit Bureau: Telefoon: 0861 10 56 65.

15.7. Jy kan ook enige klagtes na die Nasionale Kredietreguleerder by 0860 627 627 neem, of kontak die Nasionale Krediettribunaal.

16. algemeen

16.1. Ons sal alle oproepe aan jou monitor en opneem.

16.2. Jy bevestig dat die bepalings en voorwaardes en die betekenis en die gevolge van hierdie ooreenkoms aan jou aangebied en verduidelik is in 'n taal wat jy verstaan. Die risiko met betrekking tot die ooreenkoms sowel as jou regte en verpligtinge is ook aan jou verduidelik.

16.3. As jy binne gemeenskap van goedere getroud is, bevestig jy dat jy toestemming van jou eggenoot gekry het om hierdie rekening te open en aanvaar jy verhogings van jou maksimum kredietperk en/of die Kredietperk van toepassing op jou rekening.

16.4. Ons is op enige tydstip geregtig om enige of al ons regte en verpligtinge hieronder aan enige persoon oor te dra of oor te gee.

16.5. Ons sal nie aanspreeklik gehou word vir enige verlies of skade wat deur jou of 'n derde party gely is met betrekking tot die aansoek om krediet of hierdie ooreenkoms nie.

16.6. Indien ons nie enige voorwaarde ingevolge hierdie ooreenkoms kan afdwing nie, sal dit nie enige van die ander voorwaardes ingevolge hierdie ooreenkoms beïnvloed nie.

16.7. Ten einde geldig en bindend te wees, en tensy sodanige wysiging gemaak is in ooreenstemming met die NCA, moet enige veranderinge of wysigings aan hierdie ooreenkoms skriftelik of telefonies gemaak word waarna dit weer skriftelik deur ons geverifieer sal word. Ons mag wel te eniger tyd hierdie bepalings wysig of vervang en as ons dit doen, beteken dit nie 'n kansellering van die ooreenkoms, enige transaksie of jou skuld nie (menende dit word nie deur 'n nuwe ooreenkoms vervang nie).

16.8. Die pre-ooreenkomskwotasie en hierdie bepalings en voorwaardes vorm die hele ooreenkoms tussen jou en ons met betrekking tot jou krediet en dit word gereguleer deur en vertolk in ooreenstemming met die wette van die Republiek van Suid-Afrika.

16.9. Jy het die reg om uitgesluit te word van enige –

16.9.1. telebemarkingsveldtog wat deur of namens ons gedoen word;

16.9.2. bemarkings- of kliëntelyste wat deur ons verkoop of versprei kan word, anders as vereis deur die NCA; of

16.9.3. massaverspreiding van e-pos of SMS-boodskappe.

17. sellulêr

17.1. Raadpleeg asseblief die bepalings en voorwaardes wat jy sal ontvang in verband met jou sellulêre produk-aanbod.

17.2. Algemeen:

17.2.1. Kliënte wat 'n nuwe rekening oopmaak, mag slegs een sellulêre toestel as 'n eerste aankoop maak.

17.2.2. Kliënte-rekening word beperk tot een toestel wanneer 'n selfoon vir die eerste keer aangekoop word.

17.2.3. Beperkings val weg na 3 maande.

18. Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA)

18.1 In terme van POPIA:

18.1.1 ons is daartoe verbind om die privaatheid van u persoonlike inligting of persoonlike inligting ("PI") te beskerm.

18.1.2 ons versamel, berg en verwerk u PI op 'n verantwoordelike wyse in ooreenstemming met ons groep se Privaatheidsbeleid wat gevind kan word by https://www.mrpricegroup.com/mr-price-group-privacy-policy.aspx

18.2 Indien u enige kommer het met betrekking tot ons Privaatheidsbeleid, of die wyse waarop ons PI versamel, berg en verwerk, kan u'n e-pos stuur aan privacy@mrpg.com.

enige navrae?

Kontak ons gerus by **0861 066 639** met enige navrae of stuur epos na **newacc@mrpg.com**.

Vir rekeninggoedkeuring, **voltooi al die besonderhede op die agterkant van hierdie vorm**, insluitend **jou ID-nommer wat duidelik op elke bladsy aangebring is**.

dien hierdie via:

- WhatsApp **084 484 4845**
- E-pos **newacc@mrpg.com**
- Faks na **(031) 328 4790**
- Handig dit in by enige **Mr Price, Mr Price Home** of **Mr Price Sport** in Suid-Afrika.